Sommer net ...



## *Die Lewendmakend Gees*
## *uit "De Stem Achter U"**

*Gabe van Duinen*

***Nadat Hy tot aan die regterhand van God verhoog is en die belofte van die Heilige Gees van die Vader ontvang het, het Hy die Gees uitgestort.*[1]**

Dit wat die mense op Pinksterdag in Jerusalem gesien en gehoor het, was geheel anders as wat hulle verdien het. Verseker sou hulle vuur uit die hemel moes sien neerdaal. Maar geen genadevuur nie, wel oordeelsvuur. Verseker sou hulle mense moes hoor praat. Maar nie van die groot dade van God se liefde nie, wel van die groot dade van God se geregtigheid. Jerusalem het nie verdien om met jubelende mense gevul te wees nie, maar wel met kermende mense wat weeklaag: "Berge, val op ons – heuwels, bedek ons." Pinkster is ’n wonder van die genade en liefde van God.

Hierdie genade-wonder op Pinksterdag – dat nie die Gees van oordeel en verdoemenis nie, maar die Gees van genade en gebede wat op Jerusalem wat Christus doodgemaak het, neerdaal – is op grond van wat Jesus Christus gedoen het. Die versoenende bloed van Golgota het die Pinksterwonder in die hemel bewerk. Deur Sy bloed het Christus vir ons die lewendmakend Gees gekoop.

Christus het hierdie bloed in die gevreesde regterhand van God geplaas. Toe het daar ’n stilte van tien dae in die hemel geheers. Tien dae lank het die offer van Christus in die regterhand van God gelê. En ons groot Voorbidder het gebid. Die Kerk het op aarde gebid en Christus het daarbo gebid. Van Hemelvaart tot Pinkster is daar gepleit. "Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee.[2]" En dán, (wat ‘n jubelende heerlikheid in die hemel!) dan word dit Pinkster in die hemel. Dan word die gebed op grond van die bloed verhoor. Dan verander die regterhand van God. Dan word die gebalde vuis ‘n gewende hand. Dan word aan die Lam Sy loon uitbetaal. Toe ontvang Hy uit God se regterhand die beloofde Gees. En Hy stort die Gees op die aarde uit.

___________________________________

*Bron*

Ds Gabe van Duinen: *De Stem Achter U* ; A.W.Sijthoff, Leiden, Nederland; 5de druk 1967; p130

1. Hand 2:33 (2020 vertaling)
2. Joh 14:16 (1953/83 vertaling)